Publication: Burger,Die(Oos-Kaap) (Sport)
Publication Date: 03 Apr 2017
Page: 14

AVE: 12270.75
Circulation: 7895
Part: 1 of 1






**Edwill van der Merwe en Craig Barry glimlag breed ná nóg 'n Maties-drie teen UJ.** Foto: GALLO IMAGES

# Maties oorgehaal vir UJ

**Stephen Nell**

Hoe motiveer jy 'n rugbyspan om dieselfde teenstander wat hy 'n week vantevore met 65-19 geklop het, ernstig op te neem?

Dit was die afgelope week die uitdaging waarmee die Maties se afrigter, Hawies Fourie, te kampe gehad het in die aanloop tot vandag se Varsitybeker-halfeindstryd teen die Universiteit van Johannesburg (UJ) in die Danie Craven-stadion in Stellenbosch.

Fourie meen egter hy het daarin geslaag om die afgelope week sy manne se voete op die grond te hou.

"Dis belangrik om die vorige wedstryd vinnig te vergeet. UJ gaan sterker terugkom. Ons begin van voor. Dis 'n sielkundige uitdaging en ons het dit in ons oefeninge beklemtoon. Die spelers het vandeesweek teen 'n goeie intensiteit geoefen," sê Fourie.

In elk geval meen hy daar was ondanks die groot telling baie ruimte vir verbetering in die vorige vertoning.

"Ons het steeds baie foute gemaak, was onder druk in die skrums en het by die afbreekpunte vyf strafskoppe afgestaan," sê Fourie.

Hy wys ook daarop dat die UJ die enigste span is wat in die ligafase met Tuks kon afreken. Tuks het bo-aan die puntelys geëindig en sal tuisveldvoordeel hê indien hy in vandag se ander halfeindstryd met die Shimlas afreken.

Vir die Maties keer Kobus van Dyk terug op flank – 'n groot hupstoot vir die uitspeelrondes.

Om die Maties se agterlyn in toom te hou, sal straks UJ se grootste uitdaging wees.

Die vleuels Kyle Steyn en Edwill van der Merwe het verlede week heerlik baljaar, met die Maties wat onder Fourie seker hul aanskoulikste rugby speel sedert die begin van die reeks.

■ **Maties:** Craig Barry (k), Kyle Steyn, Michal Haznar, Chris Smit, Edwill van der Merwe, Ernst Stapelberg, Brendon Nell, Devon Nash, Kobus van Dyk, Mitchell Carstens, Johan Momsen, Ian Groenewald, JE van der Merwe, Craig Corbett, Niel Oelofse. PLAASVERVANGERS: HJ Luus, Wesley Adonis, Jake Blew, Ruben de Villiers, Saud Abrahams, Paul de Wet, Chris Smith, Duncan Saal.

**UJ:** Ewan Adams, Peter John Walters, Aphiwe Dyantyi, Jaco Fourie, Godfrey Ramaboea, Divan Nel, Johan Esterhuizen, Jo-Hanko de Villiers, Leon Massyn, Wian Conradie, Adrian Bester, Kevin du Randt, Nico du Plessis, Jannes Snyman (k), Dillon Bakos. PLAASVERVANGERS: Le Roux Baard, Kyle Kruger, Chergin Fillies, Kyle van Dalen, Reinhardt Nothnagel, Devon Mare, Ronald Brown, Carlisle Jordaan.

**Skeidsregter:** Lourens van der Merwe.

**Assistent-skeidsregters:** Divan Uys en Nathan Swartz.

**TV-skeidsregter:** Shaun Veldsman.

**TV:** 16:30 op SS 1.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.